higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

HANDELSREG N4

9 Junie 2021

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1	1.1.1	C
	1.1.2	C
	1.1.3	C
	1.1.4	C
	1.1.5	C
	1.1.6	C
	1.1.7	C
	1.1.8	C
	1.1.9	C
	1.1.10	C

(10 × 1) (10)

1.2	1.2.1	regs-
	1.2.2	Wanvoorstelling
	1.2.3	debitoris
	1.2.4	in eksekusie
	1.2.5	Vrywillige
	1.2.6	invecta et illata
	1.2.7	operis
	1.2.8	Administratiewe reg
	1.2.9	Privaatreg
	1.2.10	Geestelik versteurde persone
	1.2.11	Merx
	1.2.12	stokvel
	1.2.13	huurder
	1.2.14	gebiedende
	1.1.15	eiser

(15 × 2) (30)

1.3	1.3.1	D
	1.3.2	E
	1.3.3	B
	1.3.4	C
	1.3.5	A

(5 × 2) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Dit moet ooreenstem met al die wesenlike bestanddele van ’n kontrak.
- Dit moet ’n volledige aanbod wees.
- Dit moet duidelik en ondubbelsinnig wees.
- Dit moet aan die aanbodontvanger/aangebodene gekommunikeer word.
- Dit moet gemaak word met die voorneme dat dit as ’n aanbod sal dien, dat dit aanvaar kan word en dat ’n geldige kontrak daaruit kan voortvloei. (5)

2.2
- Tony het ’n stilswyende hipoteek oor die roerende sake op ’n gehuurde perseel.
- Die hipoteek kan slegs gebruik word so lank as wat die huurgeld agterstallig is.
- ’n Hofbevel moet verkry word wat beamptes van die hof beveel om op die eiendom van die gehuurde perseel beslag te lê.
- ’n Interdik kan ook bekom word om die huurder wat agterstallig is met huurgeld te verhoed om eiendom van die gehuurde perseel te verwyder.
- Tony kan dus by die howe om ’n bevel teen Pepper aansoek doen.

(5 × 2) (10)

2.3 2.3.1 Ongeldige kontrak: Die verkoop van kokaïen is onwettig, dus kan geen skuldoorsaak ontstaan nie.

2.3.2 Ongeldig: As ’n minderjarige ’n kontrak sonder die bystand van ’n ouer of voog sluit, is die kontrak nietig.

2.3.3 ’n Geestelik versteurde persoon het geen handelingsbevoegdheid nie en kan nie kontrakte sluit nie; in hierdie geval het die geestelik versteurde persoon egter ’n kurator wat haar pligte onder toesig van die Meester van die Hoë Hof uitvoer. Dus is die kontrak geldig.

(3 × 2) (6)

2.4
- Dit is ’n spesiale remedie tot beskikking van die koper vir latente gebreke.
- Die verkoper waarborg stilswyend dat daar geen latente gebreke sal wees nie.
- Indien daar ’n latente gebrek is, pleeg die verkoper kontrakbreuk.
- Die koper kan hierdie aksie gebruik as hy/sy glad nie die artikel kan gebruik nie.
- Met hierdie remedie kan die koper die teruggawe van die koopprys, rente, en terugbetaling van alle uitgawes eis. (5 × 2) (10)

2.5 2.5.1 Met simboliese lewering is dit nie die lewering van die artikel self wat aan die koper oorhandig word nie, maar eerder die nodige middele om hom/haar in staat te stel om dit te bekom en beheer daaroor uit te oefen, bv die aanvaarding van die sleutel van ’n pakhuis waarin gekoopte goedere geberg word.

2.5.2 Dit vind plaas waar dit moeilik is om die artikel te lewer, as gevolg van sy grootte, gewig of ander eienskappe. Die betrokke roerende artikel word uitgewys en tot die koper se beskikking gestel. Dit hang van die koper af om die beheer daaroor uit te oefen soos dit hom/haar behaag.

Kopiereg voorbehou

2.5.3
- Die artikel wat gelewer moet word, is reeds in besit van die persoon wat later die eienaar sal word.
- Die persoon wat die eiendom namens die huidige eienaar hou, besluit later om die eiendom oor te neem (koop) en word die nuwe eienaar.
- Formele lewering word nie vereis nie omdat die eiendom reeds by die nuwe eienaar is. (Enige TWEE)

2.5.4
- Die verkoper hou die goedere nadat die transaksie plaasgevind het.
- Lewering vind plaas sodra die werk aan die artikel afgehandel is.

(4 × 2) (8)

2.6 **Klein ooreenkomste**
- Totale waarde van die kredietfasiliteit
- Afbetalingsbedrag
- Aantal paaiemente
- Finale bedrag betaalbaar
- Rentekoers
- Alle ander kredietkoste

Intermediêre en groot ooreenkomste
- Hoofskuld
- Koste soos aflewering
- Aansluitingsgelde
- Lisensies of registrasiegelde (10 × 1) (10)

2.7 R15 000 (1)

[50]

VRAAG 3

3.1 **Nietige kontrak**
- Geen kontrak bestaan nie.
- Geen konsensus/wilsooreenstemming is bereik nie.
- Geen kontraktuele regte en pligte vloei uit die kontrak voort nie.
- Albei partye kan die kontrak ignoreer asof dit nooit aangegaan is nie.
- Die partye hoef nie hof toe te gaan om die kontrak nietig te laat verklaar nie.

Vernietigbare kontrak
- ’n Kontrak bestaan.
- Daar is konsensus/wilsooreenstemming, maar daar is ’n gebrek in die konsensus.
- Regte en pligte spruit uit die kontrak voort totdat die benadeelde party die kontrak tersyde laat stel het.
- Die benadeelde party kan kies om die kontrak af te dwing of dit tersyde te laat stel.
- Die benadeelde party moet ’n hofbevel kry om die kontrak tersyde te laat stel.

(5 + 5) (10)

Kopiereg voorbehou

3.2 3.2.1 Kragtens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes:

- Indien die werknemer normaalweg op Sondae werk, ontvang hy/sy 1,5 keer die normale tarief.
- Indien ooreengekom, kan hy/sy vergoeding in die vorm van betaalde vrye tyd ontvang.
- Die werknemer moet betaal word vir enige openbare vakansiedag wat op ’n normale werksdag val.
- Die werknemer moet dubbele betaling ontvang vir werk wat op ’n openbare vakansiedag verrig word.
- ’n Werknemer moet sy/haar toestemming gee om op ’n openbare vakansiedag te werk.
- ABC-kleinhandelaars oortree dus die wet. (Enige 5 × 2) (10)

3.2.2

- Werknemers moet ná vyf uur ’n etenspouse van minstens 60 minute hê, wat by ooreenkoms tot 30 minute verminder kan word.
- Indien ’n werknemer minder as 6 uur per dag werk, kan die etenspouse weggelaat word. (2 × 2) (4)

3.2.3

- Nagwerk word gedefinieer as werk wat tussen 18:00 en 06:00 verrig word.
- Werknemers moet ekstra betaling, ’n toelae of ’n vermindering in werksure ontvang.
- Vervoer moet aan hierdie werknemers beskikbaar gestel word.
- Werknemers wat voortdurend ná 23:00 werk, moet oor moontlike gesondheids- en veiligheidsrisiko’s ingelig word.
- Gratis mediese hulp moet aan hierdie werknemers gegee word.

(Enige 3 × 2) (6)

3.3 3.3.1 Waar
3.3.2 Waar
3.3.3 Onwaar
3.3.4 Onwaar
3.3.5 Waar
3.3.6 Waar
3.3.7 Waar
3.3.8 Onwaar
3.3.9 Onwaar
3.3.10 Onwaar

(10 × 1) (10)

3.4

- Locatio conductio rei: Huurreg
- Locatio conductio operarum: Huur en verhuur van dienste
- Locatio conductio operis: Aanneming van werk (3 × 2) (6)

3.5 ’n Akwisitiewe voorstelling is ’n stelling wat deur een party aan ’n ander gemaak word, maar nie ’n bepaling in die kontrak uitmaak nie. ’n Waarborg is ’n bykomende bepaling tot die kontrak en nienakoming van ’n waarborg kom neer op kontrakbreuk.

(2 + 2) (4)

[50]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 4.1.1

- Die algemene reël is dat 'n advertensie nie 'n geldige aanbod is nie, maar slegs 'n uitnodiging om sake te doen.
- In die saak Crawley versus Rex het die hof besluit dat 'n advertensie slegs 'n uitnodiging aan die publiek is en nie 'n bindende aanbod nie.
- Daar is egter 'n uitsondering op die reël, aangesien 'n advertensie in 'n koerant soms 'n aanbod kan wees.
- Lindy het die vermiste hond in die koerant geadverteer; dus kan dit as 'n aanbod beskou word. (Enige 2 × 2) (4)

4.1.2

- Die persoon wat die vermiste troeteldier vind, moet die advertensie gesien en daarop gereageer het en moet die advertensie aanbied as bewys van sodanige aanbod wanneer hy/sy die beloning opeis.
- Ben sal dus nie op die beloning geregtig wees nie, soos in die geval van Bloom versus American Swiss Watch Company.

(2 × 2) (4)

4.2

- Een party beïnvloed die ander.
- Die invloed verswak die ander party se weerstand en maak hom/haar die slagoffer van die sterker party.
- Die sterker party oefen die invloed op 'n gewetenlose manier uit.
- Die invloed lei tot die sluiting van 'n kontrak wat tot die ander, swakker party se nadeel strek. (4 × 2) (8)

4.3 4.3.1 Onskuldige wanvoorstelling: 'n Wanvoorstelling van feite wat inderwaarheid onwaar is, wat gedoen word deur 'n persoon wat eerlik glo dat dit waar is

4.3.2 Bedrieglike wanvoorstelling: 'n Vals voorstelling van feite wat bedrieglik gedoen word deur 'n uitdruklike stelling of deur inligting te weerhou waar daar 'n plig is om dit openbaar te maak

4.3.3 Nalatige wanvoorstelling: Vals voorstelling van feite, terwyl die persoon wat die voorstelling doen, dink dat hy/sy eerlik is

(3 × 2) (6)

4.4

- Getroud
- Ongeregverdigde verryking
- Geëmansipeerd
- Skuldig aan bedrieglike wanvoorstelling
- Deur die hoë hof tot meerderjarige verklaar (Enige 4 × 2) (8)

4.5

- Daar moet 'n ooreenkoms wees om te koop en te verkoop.
- Daar moet 'n handelsartikel (merx) wees.
- Daar moet 'n prys wees.
- Lewering moet plaasvind. (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

4.6
- Om die ooreengekome vergoeding te betaal
- Om die werknemer van werk te voorsien
- Om veilige en gesonde werksomstandighede te voorsien
- Om nie die werknemer werk te laat verrig met ’n laer status as waarvoor hy/sy in diens geneem is nie
- Om nie ’n werknemer se dienste aan ’n ander werkgewer te kontrakteer sonder die werknemer se toestemming nie (Enige 4 × 1) (4)

4.7
- Met ’n verbruiker wat minderjarig is en nie deur ’n voog bygestaan word nie
- Met ’n persoon onder ’n administrasiebevel sonder die administrateur se toestemming
- As dit spruit uit negatiewe-opsiebemarking
- Met ’n ongeregistreerde kredietverskaffer wat veronderstel was om geregistreer te wees
- Met ’n kredietverskaffer wat onderworpe was aan kennisgewing deur die NKR om op te hou om krediet toe te staan (5 × 2) (10)

4.8
- Erflating van ’n lewende persoon
- Items wat nie eienaarskap kan neem nie
- Artikel wat volgens die wet verbied word
- Openbare parke (Enige 3 × 1) (3)

[50]

VRAAG 5

5.1
- Howe is nie altyd bereid om ’n bevel vir spesifieke nakoming uit te reik nie weens die persoonlike aard van die kontrak.
- Waar die werknemer nie weer in diens geneem wil word nie
- Waar dit nie vir die werkgewer prakties is om die werknemer weer in diens te neem nie
- Waar ontslag onbillik is slegs omdat dit deur ’n onregverdige prosedure teweeggebring is (Enige 4 × 2) (8)

5.2
5.2.1 Waar
5.2.2 Onwaar
5.2.3 Waar
5.2.4 Onwaar
5.2.5 Waar
5.2.6 Waar
5.2.7 Onwaar
5.2.8 Waar
5.2.9 Waar
5.2.10 Onwaar

(10 × 1) (10)

5.3
- Dit is ’n geldige kontrak.
- Daar is ’n iusta causa (redelike oorsaak).
- Die opsie moet op skrif gestel wees.
- Dit dui op ’n ernstige voorneme om kontraktueel gebind te word.

Voorbeeld: Apple sal die eerste opsie hê om ’n huis te koop as Dream dit sou verkoop. (5)

5.4
- Waar die partye dit uitdruklik uitsluit wanneer hulle ’n ooreenkoms aangaan.
- Verkoper moet te goeder trou handel.
- Waar die koper bewus was van die feit dat hy/sy ’n gesteelde artikel gekoop het, kan hy/sy nie verwag om beskerm te word nie.
- Waar die koper besit verloor as gevolg van vis major, casus fortuitous of die wederregtelike handeling van ’n derde party, sal die verkoper nie aanspreeklik wees nie, omdat die koper die risiko dra. (4 × 2) (8)

5.5
- Volledige of volkome handelingsbevoegdheid: Persone in hierdie kategorie kan vryelik kontrakte sluit. Regte en verpligtinge spruit uit hierdie kontrakte wanneer dit gesluit word.
- Beperkte handelingsbevoegdheid: Persone met beperkte bevoegdheid kan slegs ’n kontrak sluit wanneer hulle deur bepaalde persone bygestaan word, bv in die geval van ’n minderjarige.
- Geen handelingsbevoegdheid nie: Sodanige persoon mag hoegenaamd nie ’n kontrak sluit nie, selfs nie eens met die bystand van ’n ander persoon nie, bv persone wat geestelik versteurd is. (3 × 3) (9)

5.6
- Vervreemding van grond
- Uitdruklike ooreenkomste
- Kontrakte ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (3)

5.7
- Behoorlike nakoming/prestasie
- Verjaring
- Skuldverrekening
- Insolvensie
- Samesmelting
- Dood
- Instemming
- Later intredende/tussentredende onmoontlikheid van prestasie

(Enige 7 × 1) (7)
[50]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou